



OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

6 d Saturday, 22nd February, 1930.

WINDHOEK

Saterdag, 22 Februarie 1930.

No. 355

The following Draft Ordinances which will be introduced during the Second Session of the Second Legislative Assembly are published for general information.

H. P. SMIT,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek,

Die volgende Ontwerpordonnansies, wat gedurende die Twede Sessie van die Twede Wetgewende Vergadering voorgelê sal word, word vir algemene informasie gepubliseer.

H. P. SMIT,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek,

- | | | | |
|--|------|--|------|
| (1) Roads and Outspans Ordinance Further Amendment Ordinance 1930 | 6315 | (1) Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie Verder Wysigingsordonnansie 1930 | 6315 |
| (2) Riotous Assemblies and Criminal Law Amendment Ordinance 1930 | 6316 | (2) Die Oproerige Samekomste en Kriminele Wet Wysigingsordonnansie 1930 | 6316 |
| (3) Workmen's Compensation (Accidents and Industrial Diseases) Proclamation, 1924, Amendment Ordinance, 1930 | 6319 | (3) Die Wysigingsordonnansie van 1930 betreffende die Werksliede Skadeloosstelling (Ongevalle en Bedryfsiektes) Proklamasie 1924 | 6319 |

DRAFT ORDINANCE

To amend the law relating to the establishment of roads authorities and relating to the duty of landowners to erect and maintain signboards on public roads.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Interpretation.

1. In this Ordinance the expression "the principal Ordinance" means the Roads and Outspans Ordinance, 1927 (Ordinance No. 15 of 1927), as amended by the Roads and Outspans Ordinance Amendment Ordinance, 1928 (Ordinance No. 10 of 1928), and the Roads and Outspans Ordinance Further Amendment Ordinance, 1929 (Ordinance No. 10 of 1929), and any expression to which in the principal Ordinance a meaning has been assigned has, when used in this Ordinance, the same meaning.

Constitution of roads councils in districts where roads boards cannot be constituted.

2. (1) Notwithstanding anything in the principal Ordinance contained, if the Administrator is satisfied that, owing to the paucity of owners of land situate within any district, as defined by section two of the principal Ordinance, it is not practicable or not expedient to constitute a roads board for that district under the provisions of the principal Ordinance, he may by proclamation constitute for that district, with jurisdiction over that district, so defined, a roads council, which shall be a body corporate, having perpetual succession, and named "The (naming the district) Roads Council".

(2) Every council so constituted shall consist of the magistrate of the district, who shall be *ex officio* chairman, and four other members appointed by the Administrator.

(3) Three members of a council, including the chairman, shall form a quorum.

(4) No person shall be qualified to be appointed, or to continue to be, a member of a council—

(a) who has been convicted at any time of an offence for which imprisonment without the option of a fine has been imposed as a punishment, unless he has received a free pardon or his period of imprisonment has expired at least five years prior to the date of his appointment, or

(b) who is of unsound mind, or

(c) who is an unrehabilitated insolvent.

(5) A member of a council shall hold office during the period for which he has been appointed, which period shall not exceed two years. Any member may be re-appointed at the expiration of the period for which he was appointed.

(6) If any member of a council dies or resigns or becomes, or is found to be, disqualified under any law or otherwise vacates his seat thereon during the currency of his period of office, the Administrator shall appoint another person to fill the vacancy.

(7) Every appointment as a member of a council shall be published by notice in the *Gazette*, which notice shall state the period for which the member has been appointed.

(8) Every roads council so constituted shall perform the functions and duties and have the powers and rights and be subject to the liabilities and obligations of a roads board constituted under the principal Ordinance, and every reference in the principal Ordinance or in any regulation made thereunder shall, in so far as it is applicable, and except where the contrary intention appears, be deemed to include a reference to a roads council: Provided that a roads council shall not have power to levy or claim payment of a road rate.

Amendment of section fifty-seven of Ordinance No. 15 of 1927.

3. Section fifty-seven of the principal Ordinance is hereby amended—

(a) by the insertion immediately after the word "road", where that word occurs for the first time in subsection (1), of the words "other than a public road"; and

(b) by the insertion immediately after the word "road", where that word occurs for the first time in subsection (2), of the words "other than a public road".

Amendment of section sixty-nine of Ordinance No. 15 of 1927.

4. Section sixty-nine of the principal Ordinance is hereby amended—

(a) by the insertion immediately after the word "contravening" occurring therein of the words "or failing to comply with"; and

(b) by the insertion immediately after the word "contravention", in both places where that word occurs therein, of the words "or non-compliance".

Short title.

5. This Ordinance shall be read as one with the principal Ordinance, and may be cited for all purposes as the Roads and Outspans Ordinance Further Amendment Ordinance, 1930.

ONTWERPORDONNANSIE

Om die wet met betrekking tot die instelling van pad-otoriteite en met betrekking tot die plig van grondeienaars om handwysters by publieke paaie op te rig en instand te hou te wysig.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken die uitdrukking "Die Hoofordonnansie" die Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 15 van 1927), soos gewysig deur die Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie Wysigingsordonnansie 1928 (Ordonnansie No. 10 van 1928) en die Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie Verder Wysigings-Ordonnansie 1929 (Ordonnansie No. 10 van 1929) en enige uitdrukking, waaraan 'n betekenis in die Hoofordonnansie toegeken is, het dieselfde betekenis, as dit in hierdie Ordonnansie gebesig word.

Woordbepaling.

2. (1) Nieteenstaande enige bepaling in die Hoofordonnansie vervat, kan die Administrateur, as hy oortuig is, dat dit ten gevolge van die geringe aantal eienaars van grond, wat in enige distrik lê, soos deur artikel twee van die Hoofordonnansie bepaal nie doenlik of nie raadsaam is om 'n padkommissie vir daardie distrik op grond van die bepaling van die Hoofordonnansie in te stel nie, deur proklamasie 'n padraad vir daardie distrik met regsmag oor daardie distrik, soos bepaal, instel, wat 'n regspersoon met ewigduurende opvolging sal wees en "Die Padraad van (noem die Distrik)" genoem sal word.

Instelling van padrade in distrikte waar padkommissies nie ingestel kan word nie.

(2) Elke aldus ingestelde raad moet bestaan uit 'die magistraat van die distrik, wat *ex officio* voorsitter moet wees, en vier ander lede, deur die Administrateur aangestel.

(3) Drie lede van 'n raad, die voorsitter inkluis, vorm 'n kworum.

(4) Niemand,

(a) wat te enige tyd skuldig gevind is aan 'n misdaad, waarvoor gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete as straf opgelê is, tensy hy 'n vry pardon gekry het of die tydperk van sy gevangenisstraf ten minste vyf jare voor die datum van sy aanstelling afgeloop het, of

(b) wat kranksinnig is, of

(c) wat 'n ongerehabiliteerde insolvent is, is bevoeg om as 'n lid van 'n raad aangestel te word nie, of 'n lid daarvan te bly nie.

(5) 'n Lid van 'n raad beklee sy amp gedurende die tydperk, waarvoor hy aangestel is, welke tydperk hoogstens twee jare mag duur. Enige lid mag na afloop van die tydperk, waarvoor hy aangestel is, weer aangestel word.

(6) As enige lid van 'n raad kom te sterwe of bedank of op grond van enige wet gediskwalifiseer word of onbevoeg gevind word of andersins sy setel daarop gedurende sy ampstyd verlaat, moet die Administrateur 'n ander persoon aanstel om die vakature te vul.

(7) Elke aanstelling as lid van 'n raad moet deur kennisgewing in die *Offisiële Koerant* gepubliseer word, in welke kennisgewing die tydperk, waarvoor die lid aangestel is, vermeld moet word.

(8) Elke aldus ingestelde raad moet die funksies en pligte vervul en het die magte en regte en is onderhewig aan die verpligtings en verbintenisse van 'n padkommissie, op grond van die Hoofordonnansie ingestel, en elke verwysing in die Hoofordonnansie of in enige regulasie op grond daarvan uitgevaardig, vir sover dit toepaslik is, en behalwe waar die teenoorgestelde bedoeling blyk te bestaan, word geag 'n verwysing na 'n padraad in te sluit: Met die verstande dat 'n padraad geen mag het om 'n padbelasting te hef of betaling daarvan te vorder nie.

3. Artikel sewe-en-vyftig van die Hoofordonnansie word hierby gewysig:—

Wysiging van artikel sewe-en-vyftig van Ordonnansie No. 15 van 1927.

(a) deur die woorde "wat nie 'n publieke pad is nie" onmiddellik na die woord "pad", waar daardie woord vir die eerste keer in onderartikel (1) voorkom, in te voeg; en

(b) deur die woorde "wat nie 'n publieke pad is nie" onmiddellik na die woord "pad", waar daardie woord vir die eerste keer in onderartikel (2) voorkom, in te voeg.

4. Artikel nege-en-sestig van die Hoofordonnansie word hierby gewysig—

Wysiging van artikel nege-en-sestig van Ordonnansie No. 15 van 1927.

(a) deur die woorde "of in gebreke bly om hulle na te kom" onmiddellik na die woord "oortree", wat daarin voorkom, in te voeg;

(b) deur die woorde "of nie-nakoming" onmiddellik na die woord "oortreding" op albei plekke, waar daardie woord daarin voorkom, in te voeg.

5. Hierdie Ordonnansie moet as een gelees word met die Hoofordonnansie en kan vir al die doeleindes aangehaal word as die Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie Verder Wysigingsordonnansie 1930.

Kort titel.

DRAFT ORDINANCE

To amend the law as to riotous assemblies and the dispersal thereof, and to amend the criminal law in certain respects.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Governor General, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message through the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution Act, 1925, of the Parliament of the Union of South Africa, as follows:—

CHAPTER 1.

Riotous Gatherings and the Dispersal thereof and Incitements to Public Violence.

1. (1) Whenever a magistrate has reason to apprehend that the public peace would be seriously endangered by the assembly of a particular public gathering in any public place, he may, under special authority of the Administrator, prohibit the assembly of that public gathering in any public place in his district.

A prohibition of a particular public gathering under this sub-section may be—

- (a) by notice in newspaper circulating in the locality in respect of which the prohibition is to apply; or
- (b) by notices distributed amongst the public and affixed upon public buildings or in prominent public places in that locality,

or if, owing to urgency or any other cause whatever any such notice cannot be printed, published, distributed, or affixed, then the prohibition may be by sufficient oral public announcement in that locality.

(2) Any person who, after such prohibition and in contravention thereof, convenes a public gathering in a public place, or who presides at or addresses a public gathering under this section, shall be guilty of an offence, unless he satisfies the court that he had no knowledge of the prohibition, and shall be liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding three months, and on a second and subsequent conviction to imprisonment not exceeding six months.

(3) A person shall be deemed for the purpose of this section to have convened a public gathering in a public place—

- (a) if he has caused written notice to be published or distributed, inviting the public, or any section of the public, to assemble at a specified time and public place; or
- (b) if he has himself, or through another person, orally invited the public or any section of the public so to assemble; or
- (c) if he has taken any active part in making arrangements for the publication or distribution of such a notice, or in organizing or making preparations for such a meeting.

2. Any person who prints, publishes, or distributes, or in any manner whatever circulates, a notice convening a public gathering the assembling of which has, before the time of such notice, been prohibited in accordance with the last preceding section, shall be guilty of an offence unless he satisfies the court that he had no knowledge of the prohibition, and shall be liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months or to such imprisonment without the option of a fine.

3. (1) A Magistrate authorized to exercise the powers conferred by sub-section (1) of section *one* may, if he has reason to believe that there will assemble in any public place a public gathering prohibited under that sub-section, cause access to that public place and to any other public place adjacent thereto to be barred and to be closed to the public, for such time as may be necessary to prevent the assembling of such public gathering. The fact that a public place is so closed to the members of the public shall be notified at the entrance thereto in a manner described in sub-section (1) of section *one*.

(2) Any person who, unless permitted by the police on duty, enters or remains in any public place which is closed under this section, while it is so closed, shall be guilty of an offence, and liable on conviction to a fine not exceeding twenty-five pounds or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months or to such imprisonment without the option of a fine.

4. (1) Whenever—

- (a) a public gathering which has been prohibited under Section *one* has assembled in any place; or
- (b) the persons assembled at any public gathering in a public place (whether or not the gathering has been so prohibited),—

ONTWERPORDONNANSIE

Om die wet betreffende oproerige samekomste en hulle uiteendrywing en die kriminele wet in sekere opsigte te wysig.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Goewerneur-Generaal, vir sover sodanige toestemming benodig is, nadat dit vooraf ontvang en aan die Wetgewende Vergadering deur boodskap van die Administrateur, ooreenkomstig die bepalings van artikel *ses-en-twintig* van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika meegedeel is, as volg:—

HOOFSTUK I.

Oproerige samekomste en hulle uiteendrywing en aansettings tot Publieke Geweld.

1. (1) Wanneer 'n magistraat rede het om te vrees dat die openbare rus ernstig bedreig sal word deur die byeenkoms van 'n besonder openbare samekoms op 'n openbare plek, kan hy, op grond van spesiale magtiging van die Administrateur, die byeenkoms van daardie openbare samekoms op enige openbare plek in sy distrik belet.

'n Verbod, ingevolge hierdie onderartikel, om 'n besonder openbare samekoms te hou, kan gegee word—

- (a) deur kennisgewing in nuusblaai, wat in die lokaliteit ten opsigte waarvan die verbod van toepassing sal wees, in omloop is; of
- (b) deur kennisgewings, onder die publiek uitgedeel en op openbare geboue of op in die oog lopende openbare plekke in daardie lokaliteit aangeplak,

of wanneer, deur dringende noodsaaklikheid of ander redes van welke aard ook sodanige kennisgewing nie gedruk, gepubliseer, uitgedeel of aangeplak kan word nie, dan kan die verbod op voldoende wyse in daardie lokaliteit mondeling afgekondig word.

(2) Enige persoon, wat na sodanige verbod en in stryd daarmee 'n openbare samekoms op 'n openbare plek belê, of wat as voorsitter optree of 'n toespraak hou op 'n openbare samekoms, die byeenkoms waarvan in 'n openbare plek kragtens hierdie artikel belet is, is skuldig aan 'n oortreding en, tensy hy die hof oortuig dat hy geen kennis van die verbod gehad het nie, staan hy na skuldigbevinding bloot aan tronkstraf van ten hoogste drie maande en by 'n tweede en later veroordeling aan gevangenisstraf van ten hoogste ses maande.

(3) 'n Persoon word vir die doeleindes van hierdie artikel geag 'n openbare samekoms op 'n openbare plek belê te hê—

- (a) as hy 'n skriftelike kennisgewing het laat openbaar maak of uitdeel, die publiek of enige deel daarvan uitnodigende om op 'n bepaalde tyd op 'n openbare byeen te kom; of
- (b) as hy self of deur 'n ander persoon die publiek of 'n deel daarvan mondeling uitgenooi het om aldus byeen te kom; of
- (c) as hy 'n werksame deel geneem het in die maak van skikkings vir die publikasie of uitdeling van sodanige kennisgewing of in die reëling of maak van toebereidsels vir sodanige samekoms.

Dit is 'n oortreding om kennisgewings van samekomste, wat op grond van die laas voorafgaande artikel belet is, te druk, uit te gee of in omloop te bring.

2. Enige persoon, wat 'n kennisgewing druk, uitgee of uitdeel of op welke wyse ook in omloop bring, waarby 'n openbare samekoms belê word, wat voor die tyd van sodanige kennisgewing alreeds belet was ooreenkomstig die voorafgaande artikel, is skuldig aan 'n oortreding, tensy hy die hof oortuig dat hy geen kennis van die verbod gehad het nie, en staan by veroordeling bloot aan 'n boete van ten hoogste vyftig pond of, by wanbetaling, aan tronkstraf van ten hoogste ses maande of aan sodanige tronkstraf sonder die keuse van boete.

3. (1) 'n Magistraat, gemagtig om die bevoegdhede kragtens onderartikel (1) van artikel *een* verleen, uit te oefen, kan, as hy rede het om te glo dat 'n openbare samekoms, wat kragtens daardie onderartikel belet is, op enige openbare plek byeen sal kom, die toegang tot daardie openbare plek en tot enige ander aangrensende openbare plek laat afsluit en vir die publiek gesluit hou vir sodanige tyd as nodig mag wees om die byeenkom van sodanige openbare samekoms te verhinder. Van die feit dat 'n openbare plek aldus vir die lede van die publiek gesluit is, moet aan die ingang daarvan kennis gegee word op die wyse, soos aangegee in onderartikel (1) van artikel *een*.

(2) Enige persoon, wat enige openbare plek, gesluit ingevolge hierdie artikel, terwyl dit nog gesluit is, betree of daar bly, tensy hy vergunning het van die diensdoende polisie, is skuldig aan 'n oortreding en staan by veroordeling bloot aan 'n boete van ten hoogste vyf-en-twintig pond of, by wanbetaling, aan tronkstraf van ten hoogste drie maande of aan hierdie tronkstraf sonder keuse van boete.

4. (1) Wanneer—

- (a) 'n openbare samekoms, wat kragtens artikel *een* belet is, op 'n openbare plek gehou word; of
- (b) die persone, wat op 'n openbare samekoms op 'n openbare plek vergader het (onverskillig of die samekoms aldus belet is al dan nie)—

Verbod om openbare samekomste op openbare plekke in sekere gevalle te hou en strawwe vir die belê van byeenkomste nietaenstaande sodanige verbod.

Bevoegdheid om openbare plekke af te sluit ten einde oortredings met betrekking tot verbiede of gevaarlike samekomste te voorkom.

Uiteendrywe van verbiede of onwettige samekomste en op welke wyse.

Prohibition of public gatherings in public places in certain events and penalties for convening meetings in contravention of such prohibition.

Offence of printing, publishing or circulating notice of gathering prohibited under the last preceding section.

Power to close public places to prevent offences in respect of prohibited or dangerous gatherings.

Dispersal, of prohibited or unlawful gathering and manner of dispersal.

- (i) kill or seriously injure, or attempt to kill or seriously injure, or show a manifest intention of killing or seriously injuring any person; or
- (ii) destroy or do serious damage to, or attempt to destroy or do serious damage to, or show a manifest intention of destroying or doing serious damage to, any valuable property movable or immovable,

a commissioned police officer may call upon the persons assembled at the gathering to disperse and for that purpose he shall endeavour to obtain the attention of those persons by such lawful means as he deems most suitable, and then in a loud voice order them to depart forthwith from the place of assembly, and shall inform them that if within a time specified by him they do not so depart, force will be used. Such order and information shall be repeated by him three times. Any person who fails so to depart immediately after an order and information is so given and repeated shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties mentioned in the last preceding section.

(2) If within the time so specified the persons assembled have not so departed a commissioned police officer may order the police under his command to disperse the gathering and for the purpose to use force, in which term shall be included, subject to the provisions of the next succeeding section, firearms and weapons therein mentioned: Provided that the degree of force which may be so used shall not be greater than is necessary for dispersing the persons assembled, and shall be moderated and proportionate to the circumstance of the case and the object to be attained.

Restriction as to use of firearms or lethal weapons to disperse a gathering.

5. Firearms or other weapons likely to cause serious bodily injury or death shall not, under the authority of the last preceding section, be used to disperse a public gathering until weapons less likely to cause such injury or death have been used and the gathering has not been dispersed, or unless or until any of the persons assembled at the gathering—

- (a) kill or seriously injure, or attempt to kill or seriously injure or show a manifest intention of killing or seriously injuring any person; or
- (b) destroy or do serious damage to, or attempt to destroy or do serious damage to, or show a manifest intention of destroying or doing serious damage to, any valuable property movable or immovable.

Firearms or other weapons likely to cause serious bodily injury or death shall be used for the purpose aforesaid with all reasonable caution, without recklessness or negligence, and so as to produce no further injury to any person than is necessary for the attainment of the object aforesaid.

Saving of other laws as to dispersal of riotous gatherings.

6. Nothing in this Chapter contained shall be construed as affecting or derogating from any right conferred or duty imposed upon any member of the police or any member of the public under any other statute or under the common law to assist in the dispersal of riotous gatherings or in the prevention and suppression of riotous and seditious acts.

Acts or conduct which constitute an incitement to public violence.

7. A person shall be deemed to have committed the common law offence of incitement to public violence if, in any place whatever, he has acted or conducted himself in such a manner or has spoken or published such words that it might reasonably be expected that the natural and probable consequences of his act, conduct, speech or publication would under the circumstances, be the commission of public violence by members of the public generally or by persons in whose presence the act or conduct took place or to whom the speech or publication was addressed.

CHAPTER II.

Amendment of the Criminal Law.

Prohibition of intimidation or annoyance of persons, their relatives or dependants in relation to their employment.

8. Any person, who in order to compel any other person to abstain from doing or to do in respect of employment any act which that other person has a legal right to do or abstain from doing or on account of that other person having abstained from doing or having done such an act,—

- (a) threatens or suggests the use of violence to or restraint upon that other person or of any of his relatives or dependants, or threatens or suggests any injury to the property of that other person or of any of his relatives or dependants; or
- (b) remains at or near the premises where that other person resides or works or is seeking work or happens to be or any approach or place adjacent to those premises or persistently follows him about from place to place;
- (c) hides any tools, clothes or other property owned or used by, or in charge of, that other person or deprives him thereof or hinders him in the use thereof; or
- (d) having followed that other person or any one of his relatives or dependants along a public place, or accosted him or any of them therein, behaves towards him or any of them in a disorderly or offensive manner by jeers, jibes or other like conduct,

shall be guilty of an offence.

- (i) iemand doodmaak of ernstig kwes, of poog om iemand dood te maak of ernstig te kwes of klaarblyklik voornemens is om iemand dood te maak of ernstig te kwes; of
- (ii) enige waardevolle roerende of onroerende eiendom verniel of swaar beskadig, of trag om dit te verniel of swaar te beskadig of klaarblyklik voornemens is om dit te verniel of swaar te beskadig,

dan kan 'n offisier van polisie die persone, wat op die samekoms vergader is, opvorder om uiteen te gaan en vir daardie doel moet hy trag om die aandag van die persone te trek op sodanige wettige wyse as hom die mees doelmatige voorkom, en moet hulle dan met luide stem order om hulle onmiddellik van die vergaderplek te verwyder en hulle verwittig, dat as hulle hulle nie binne 'n tyd, deur hom bepaal, verwyder nie, geweld gebruik sal word. Sodanige bevel en informasie moet hy driemaal herhaal. Enige persoon, wat versuim om hom te verwyder, onmiddellik nadat die bevel en die kennisgewing aldus gegee en herhaal is, is skuldig aan 'n oortreding en staan by veroordeling bloot aan die strawwe vermeld in die voorafgaande artikel.

(2) As die vergaderde persone hulle nie binne die vasgestelde tyd verwyder het nie, kan 'n offisier van polisie die polisie, wat onder sy bevel staan, gelas om die samekoms uit een te drywe en om geweld vir die doel te gebruik, waaronder, behoudens die bepalings van die navolgende artikel, die gebruik van die vuur- en ander wapens, daarin vermeld, begryp word: Met die verstande dat die maat van geweld, wat aldus gebruik mag word, nie groter mag wees nie as nodig is om die versamelde persone uiteen te drywe en gematig moet word deur, en geëweredig wees aan die omstandighede van die geval en die doel, wat bereik moet word.

5. Vuurwapens of ander wapens, wat waarskynlik ernstige liggaamlike letsel of die dood kan veroorsaak, mag kragtens die laas voorafgaande artikel nie gebruik word nie om 'n openbare samekoms uiteen te drywe voor en aler wapens, wat minder waarskynlik sodanige letsel of die dood sou veroorsaak, gebruik is en die samekoms nie uiteen gedryf is nie, of tensy of totdat enigeen van die persone, wat op die samekoms vergader is,

Bepanking van die gebruik van vuur of dodelike wapens om 'n samekoms uit een te drywe.

- (a) iemand doodmaak of ernstig kwes of poog om dood te maak of ernstig te kwes of klaarblyklik voornemens is om iemand dood te maak of ernstig te kwes; of
- (b) enige waardevolle roerende of onroerende eiendom verniel of swaar beskadig, of trag om te verniel of swaar te beskadig of klaarblyklik voornemens is om dit te verniel of swaar te beskadig.

Die vuurwapens of ander wapens, wat waarskynlik ernstige liggaamlike letsel of die dood kan veroorsaak, moet die voormelde doeleindes met al die redelike voorsorg en sonder roekeloosheid of agtelosigheid gebruik word, en so, dat nie meer letsel aan enige persoon aangedoen word nie as noodsaaklik is om die voormelde doel te bereik.

6. Die bepalings van hierdie hoofstuk word nie geag om die regte of pligte wat betref hulpverlening vir die uiteendrywe van oproerige samekomste of voorkoming of onderdrukking van oproerige handeling of muitery, aan lede van die polisie of van die publiek kragtens enige ander geskrewe wet of die gemene reg verleen en opgelê, aan te tas of daarop inbreuk te maak nie.

Voorbehoud van ander wette wat betref die uiteendrywe van oproerige vergaderings.

7. Wanneer 'n persoon, waar dan ook, so gehandel het of hom so gedra het, of sodanige woorde gespreek of gepubliseer het, dat redelikerwys verwag kan word, dat as natuurlike en waarskynlike gevolge van sy handelwyse, gedrag, toespraak of publikasie onder die omstandighede openbare geweld deur lede van die publiek in die algemeen of deur persone, in wie se teenwoordigheid die handeling of die gedrag plaasgevind het, of tot wie die toespraak of publikasie gerig was, gepleeg sal word, word hy geag onder die gemene reg die misdryf van aansetting tot openbare geweld gepleeg te hê.

Handelinge of gedrag wat aansetting tot openbare geweld uitmaak.

HOOFSTUK II.

Wysiging van Kriminele Wet.

8. Enige persoon, wat ten einde enige ander persoon te dwing om met betrekking tot diensverrigting 'n handeling na te laat of te verrig, wat die ander persoon regtens mag doen of laat, of omdat die ander persoon sodanige handeling nagelaat of verrig het—

Verbod op persone, hulle nabestaandes of persone, wat van hulle afhanklik is, te intimideer of te hinder met betrekking tot hulle diensverrigting.

- (a) dreig met, of voorstel, die gebruik van geweld of dwang teen die ander persoon of enigeen van sy nabestaandes, of teen iemand, wat van hom afhanklik is, of dreig met, of voorstel die beskadiging van die goedere van die ander persoon of van enigeen van sy nabestaandes of persone, wat van hom afhanklik is; of
- (b) hom posteer by of naby die perseel of die persele, waarop die ander persoon woon of werk of werk soek of hom toevallig bevind, of by die toegang tot, of die plek naas daardie perseel of die persele, of hom gedurig van plek tot plek naloop; of
- (c) gereedskappe, klere of ander eiendom toebehorende aan of gebruik deur, of onder die beheer van die ander persoon verberg, of aan hom ontnem, of hom hinder in die gebruik daarvan; of
- (d) nadat hy die ander persoon of sy nabestaandes of persone, wat van hom afhanklik is, langs 'n openbare plek nageloop het, of nadat hy hom of een van hulle daarin aangespreek het, hom teenoor hom of een van hulle op wanordelike of beledigende wyse gedra deur beskimping, spottery of deur ander dergelike gedrag,

is skuldig aan 'n oortreding.

Prohibition of intimidation or annoyance in relation to joining a society or association.

9. Any person who, in order to compel any other person to become a member or to refrain from becoming a member of any society or association does any of the acts specified in paragraphs (a), (c), and (d) of the last preceding section shall be guilty of an offence.

Prohibition as to trespass on work premises to influence workmen.

10. Any person who, being without lawful right upon premises where work is being or is usually carried on, endeavours to induce any person employed on those premises—

- (a) unlawfully to cease work or leave any particular piece of work unfinished; or
- (b) unlawfully to refrain from returning to work,

shall be guilty of an offence.

Use of opprobrious epithets, blacklisting etc.

11. Any person who—

- (a) verbally, or in any written or printed document published or circulated in any manner, uses any opprobrious epithet or any jeer or jibe to or about any other person or to or about any of his relatives in connection with the fact that such other person has undertaken, continued or returned to work or absented himself from work or refused to work for any employer; or
- (b) in order to prevent any other person from obtaining or retaining employment or to induce persons to refuse to work or to refrain from working with that other person, causes information to be sent to any person or body of persons within or outside the Territory as to the fact that such other person has undertaken, continued or returned to work or has absented himself or refused to work for any employer in or outside the Territory, shall be guilty of an offence.

Breach of contract by persons employed in public utility services, or involving danger or injury to persons or property.

12. (1) If an employee of a local authority or company which, or of a person who, supplies any community with light, power, water or sanitary or transportation services, wilfully and maliciously, either alone or by arrangement with other employees or other persons breaks a condition or contract of employment with his employer knowing or having reasonable cause to believe that the probable consequence of his so breaking such contract will be to deprive the members of such community or a large section thereof wholly or to a great extent of their supply of light, power, water, or of sanitary or transportation services, he shall be guilty of an offence.

(2) Every such employer shall cause to be posted up in a conspicuous place at the premises from which any such supply or service aforesaid is carried on or in or in connection with which the condition or contract aforesaid is to be performed a printed copy of this section, and as often as such copy becomes defaced, obliterated, covered over, removed or destroyed, shall cause it immediately to be renewed and reposted in such a conspicuous place as aforesaid.

If an employer make default in complying with this sub-section he shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one pound for every day during which the default continues or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding fourteen days.

Any person who defaces, obliterates, covers over, removes or destroys any such copy without the permission of the employer concerned shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five pounds or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding fourteen days.

(3) If any employee of any employer whatever, wilfully and maliciously either alone or by arrangement with other employees or any other persons whatever, breaks any contract of employment whatever, knowing or having reasonable cause to believe that the probable consequence of his so breaking such contract will be to endanger human life or to cause serious bodily injury to, or serious injury to the health of, any person or to expose valuable property, whether movable or immovable, to destruction or serious injury, he shall be guilty of an offence.

Penalties for offences under preceding sections of this Chapter.

13. Any person guilty under section eight, nine, ten, eleven or twelve, of an offence for which a penalty is not expressly provided, shall be liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months or to such imprisonment without the option of a fine or to both such fine and imprisonment.

Special precautions in the interest of public safety as regards explosives.

14. (1) Whenever it is necessary to take special precautions to maintain public order or to protect life and property the Administrator may, by proclamation in the *Gazette*, prohibit for such period as he may think fit the transportation of explosives from any one place to any other place in the Territory, except under such safeguards and conditions as are prescribed by regulation, and may make special regulations, to be in force for such limited period as he may think fit, as to the transportation of explosives to and from particular areas, or as to the storage, removal, possession or use of explosives within any particular area by all persons or by persons of specified occupations or callings, and may limit or vary the conditions of any licences or permits held or to be issued under any law relating to the traffic in explosives or the regulations made thereunder.

9. Enige persoon wat, ten einde 'n ander persoon te dwing om al dan nie 'n lid te word van 'n genootskap of vereniging, een van die handelinge verrig, uiteengesit in paragrawe (a), (c) en (d) van die voorafgaande artikel, is skuldig aan 'n oortreding.

10. Enige persoon, wat hom op 'n perseel bevind, waar werk gedoen of gewoonlik gedoen word, sonder daartoe geregtig te wees, en poog om iemand op daardie perseel werksaam oor te haal—

- (a) om onwettig op te hou met werk, of om 'n besonder stuk werk onafgedoen te laat; of
- (b) om onwettig nie na sy werk terug te keer nie,

is skuldig aan 'n oortreding.

11. Enige persoon, wat

(a) mondeling of in 'n geskrewe of gedrukte dokument, op welke wyse ook gepubliseer of versprei, skeldname, skimpwoorde of spotwoorde gebruik teen of aangaande 'n ander persoon, of teen of aangaande sy nabestaandes in verband met die feit dat sodanige ander persoon vir 'n werkgewer werk onderneem of voortgeset het, of teruggekeer het na sy werk, of hom van sy werk verwyder het of geweier het om te werk; of

(b) ten einde 'n ander persoon te verhinder om werk te kry of te behou, of om persone te bewege om te weier om werk te doen of om nie met die ander persoon te werk nie, inligting laat stuur aan enige persoon of liggaam van persone binne of buite die Gebied betreffende die feit, dat die ander persoon werk vir 'n werkgewer binne of buite die Gebied onderneem, voortgeset of weer begin het, of van sy werk weggebly het of die werk verlaat het of geweier het om te werk, is skuldig aan 'n oortreding.

12. (1) As 'n geëmployeerde in diens van 'n plaaslike outoriteit of maatskappy, of van 'n persoon, wat 'n gemeenskap van lig, krag, water of sanitêre of vervoerdienste voorsien, opsetlik en kwaadwillig, hetsy alleen of in oorleg met ander geëmployeerdes of ander persone 'n diensvoorwaarde of dienskontrak met sy werkgewer verbreek, as hy weet of gegronde oorsaak het om te glo, dat sy kontrakbreuk waarskynlik ten gevolge sal hê, dat die lede van sodanige gemeenskap of 'n groot gedeelte daarvan geheel of in groot mate verstoke sal word van hulle voorsiening van lig, krag, water of van sanitêre of vervoerdienste, dan is hy skuldig aan 'n oortreding.

(2) Elke sodanige werkgewer moet 'n gedrukte eksemplaar van hierdie artikel op 'n opsigtige plek in die perseel laat aanplak, vanwaar enige sodanige voorsiening of diens geskied, of waarin of in verband waarmee die voormelde voorwaarde of kontrak uitgevoer moet word en so dikwels as sodanige eksemplaar onleesbaar gemaak, uitgewis, bedek, weggeneem of vernietig word, moet hy dit dadelik deur 'n ander laat vervang en weer op so 'n opsigtige plek, as voormeld, laat aanplak.

As 'n werkgewer in gebreke bly om aan hierdie onderartikel te voldoen, is hy skuldig aan 'n oortreding en staan hy by veroordeling bloot aan 'n boete van ten hoogste een pond vir elk dag, gedurende welke sy versuim voortduur of, by wanbetaling, aan tronkstraf van ten hoogste veertien dae.

Enige persoon, wat sodanige eksemplaar sonder toestemming van die betrokke werkgewer onleesbaar maak, uitwis, bedek, wegneem of vernietig is skuldig aan 'n oortreding en staan by veroordeling bloot aan 'n boete van ten hoogste vyf pond of, by wanbetaling, aan tronkstraf van ten hoogste veertien dae.

(3) As enige geëmployeerde van welke werkgewer ook met opset en kwaadwillig, hetsy alleen of in oorleg met ander geëmployeerdes of enige ander persone wie dan ook enige dienskontrak verbreek, as hy weet of gegronde oorsaak het om te glo, dat deur sy kontrakbreuk waarskynlik menselewens in gevaar gebring sal word of ernstige liggaamlike letsel of ernstige benadeling van die gesondheid van enige persoon berokken sal word of waardevolle eiendom, hetsy roerende of onroerende, blootgestel sal word aan vernietiging of ernstige beskadiging, is skuldig aan 'n oortreding.

13. Enige persoon, wat skuldig is aan 'n oortreding van artikel agt, nege, elf of twaalf, waarvoor geen uitdruklike straf bepaal is nie, staan by veroordeling bloot aan 'n boete van ten hoogste vyftig pond of, by wanbetaling, aan tronkstraf van ten hoogste ses maande of aan sodanige tronkstraf sonder die keuse van boete, of aan albei die boete en die tronkstraf.

14. (1) Wanneer ook al dit noodsaaklik is om besonder voorsorgmaatreëls te tref ten einde die openbare orde te bewaar of lyf en goed te beskerm, kan die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant*, vir solank dit hom goeddunk, die vervoer van ontplofbare stowwe van die een na die ander plek binne die Gebied verbied, behalwe onder voorsorg en voorwaardes by regulasie voorgeskrywe en kan besonder regulasies maak, van krag vir sodanige beperkte tyd as hy mag goedvind, betreffende die vervoer van ontplofbare stowwe na en vanaf bepaalde streke, of betreffende die berging, die vervoer, die besit of die gebruik van ontplofbare stowwe binne enige bepaalde gebied deur wie dan ook of deur persone van 'n bepaalde beroep of ambag, en kan hy die voorwaardes van lisensies of permissies, gehou of uitgereik te word kragtens enige wet betreffende die vervoer van ontplofbare stowwe of enige regulasies daarby gemaak, beperk of verander.

Verbod om iemand te intimideer of te dwing met betrekking tot die toetreding tot 'n genootskap of vereniging.

Verbod om werkplekke binne te dring om werkliede oor te haal.

Gebruik van skeldname, plaas op die swart lys, ens.

Kontrakbreuk deur persone geëmployeer in werke vir openbare nut, of waardeur gevaar vir of nadeel aan persone of eiendom berokken kan word.

Strawwe vir oortredings van voorgaande artikels van hierdie Hofstuk.

Besonder voorsorgmaatreëls in die belang van die openbare veiligheid wat betref ontplofbare stowwe.

(2) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of any proclamation or special regulation issued under sub-section (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties mentioned in section *thirteen*.

Attempts in-citements, etc. to commit offences.

15. (1) Any person who attempts to commit any offence against a statute or a statutory regulation shall be guilty of an offence and, if no punishment is expressly provided thereby for such an attempt, be liable on conviction to the punishment to which a person convicted of actually committing that offence would be liable.

(2) Any person who—

(a) conspires with any other person to aid or procure the commission of or to commit; or

(b) incites, instigates, commands, or procures any other person to commit,

any crime or offence, whether at common law or against a statute or statutory regulation, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the punishment to which a person convicted of actually committing that crime or offence would be liable.

CHAPTER III.

Supplementary.

16. In this Ordinance unless inconsistent with the context—

“Police” shall mean any body of men established or enrolled under any law and carrying out the powers, duties and functions of a police force; and shall include any portion of the Burgher Force of the Territory when used for the prevention or suppression of internal disorder;

“public gathering” shall mean any gathering, concourse, or procession in, through, or along any public place, of twelve or more persons having a common purpose whether such purpose be lawful or unlawful;

“public place” shall mean any street, road, passage, square, park, recreation ground, or any open space, to which all members of the public habitually or by right have access, and shall include any place described in this definition notwithstanding that it is private property and has not been dedicated to the use of the public.

Interpretation of terms.

Short Title.

17. This Ordinance may be cited for all purposes as the Riotous Assemblies and Criminal Law Amendment Ordinance, 1930.

DRAFT ORDINANCE

To amend the law relating to compensation for injuries suffered by workmen in the course of their employment or for certain industrial diseases contracted by workmen or for death resulting from such injuries or diseases.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Governor-General, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), of the Parliament of the Union of South Africa, as follows:—

Interpretation.

1. In this Ordinance, the expression “the principal law” means the Workmen’s Compensation (Accidents and Industrial Diseases) Proclamation, 1924 (Proclamation No. 27 of 1924).

Application of Ordinance.

2. This Ordinance shall apply to all accidents which occurred to or scheduled diseases which were contracted by workmen prior to the commencement thereof.

Provided that any application for the award of compensation under the provisions of the principal law the hearing of which had been begun before the commencement of this Ordinance shall be continued as though this Ordinance had not been passed.

Repeal of section six of Proclamation No. 27 of 1924 and substitution of new section.

3. Section *six* of the principal law is hereby repealed and the following new section is substituted therefor:—

Accidents happening or diseases contracted outside the Territory.

6. (1) This law shall not apply in respect of accidents happening or scheduled diseases contracted outside the Territory or the territorial waters thereof, save as is provided in this section and in the next succeeding section.

(2) Where a workman who is ordinarily employed within the Territory or within the territorial waters thereof, and who is temporarily outside the Territory and the territorial waters thereof, and while he is so

(2) Enige persoon, wat die bepalings van enige proklamasie of van enige spesiale regulasie, kragtens onderartikel (1) uitgevaardig, oortree of in gebreke bly om dit na te kom, is skuldig aan ’n oortreding en staan by veroordeling bloot aan die strawwe, genoem in artikel *dertien*.

Pogings, aansetings ens., om oortredings te pleeg.

15. (1) Enige persoon, wat poog om ’n wettelike voorskrif of wettelike regulasie te oortree, is skuldig aan ’n oortreding en staan, as daarin geen straf uitdruklik vir sodanige poging bepaal is nie, by veroordeling blaas aan die straf, waaraan ’n persoon bloot sou staan, wat skuldig gevind word, dat hy daardie oortreding werklik gepleeg het.

(2) Enige persoon, wat met die doel om ’n misdaad of oortreding te pleeg, hetsy teen die gemene reg of teen ’n geskrewe wet of ’n geskrewe regulasie—

(a) met ’n ander persoon saamspan om daarin behulpsaam te wees of om dit te bewerkstellig of te pleeg; of

(b) ’n ander persoon daartoe aanspoor, aanset, gelas of oorhaal,

staan by veroordeling bloot aan die strawwe, waaraan ’n persoon bloot sou staan, wat skuldig gevind is, dat hy daardie misdaad of oortreding werklik gepleeg het.

HOOFSTUK III.

Aanvullende Bepalings.

16. In hierdie Ordonnansie, tensy onbestaanbaar met die samehang—

Woordbepalings

